

# Dr. H.F. Verwoerd se Hollandse afkoms: sy Achilleshiel?

*H.O. TERBLANCHE*

## Inleiding

Die vraag kan met reg gestel word wanneer Nederlands/Suid-Afrikaanse betrekkinge in die jare sestig ontleed word, in welke mate dr. H.F. Verwoerd (Eerste Minister van Suid-Afrika, 1958-1966) se Hollandse afkoms sy Achilleshiel was. By Bart de Graaff was daar geen twyfel nie:

Zijn Hollandse afkomst was Verwoerds achilleshiel; de zwakke plek die hij zoveel mogelijk probeerde te verbergen.<sup>1</sup>

Daarop word later ingegaan.

Die feit dat Verwoerd, wat algemeen bekend staan as die argitek en grondlegger van die beleid van groot apartheid, in Nederland gebore is, was vir die Nederlanders 'n bittere pil om te sluk. Hierdie feit sou hulle in latere jare liefs wou verswyg. Die Nederlanders was dus óók sensitief vir Verwoerd se Hollandse afkoms. Nòg Verwoerd nòg die Nederlanders sou daarmee te koop loop.

- 
- Dr. Otto Terblanche is senior lector in geskiedenis aan die Universiteit van Port Elizabeth. Hy is tans besig met navorsing oor die lewe van dr. H.F. Verwoerd teen die agtergrond van die Suid-Afrikaanse geskiedenis.
  - 1. "Nederlandse anti-apartheidsstrijd geëvalueerd", *Zuid-Afrika*, November/Desember 1996.

*Terblanche*

Tydens pres. F.W. de Klerk se geskiedkundige besoek aan Nederland in 1990, het die Protestants-Christelike dagblad, *Trouw*, daarop gewys dat Nederlanders liever nie daaraan herinner wou word dat Verwoerd in Amsterdam gebore is nie.<sup>2</sup> Max du Preez van die *Vrye Weekblad* het gemeld dat baie Nederlandse koerante hul lesers aan die destydse besoek van pres. Paul Kruger herinner het, maar niemand het skynbaar onthou nie dat

die ware argitek van apartheid as ideologie, as kwasi-religie ...  
‘n seun uit hul eie bodem was ....<sup>3</sup>

Die feit dat apartheid internasionaal die mees bekende ‘Nederlandse’ woord was, was vir Nederland pynlik. Dit was vir senator J.W. van Hulst van die Christen Democratisch Appèl (CDA) so ‘n ernstige saak dat hy in Mei 1981 verklaar het: “Als er één situatie is in de wereld die ons aangaat, is het de Zuidafrikaanse situatie.”<sup>4</sup>

Koningin Beatrix het tydens haar staatsbesoek aan Suid-Afrika in 1996 hierby aangesluit:

Juist die verbondenheid verklaart dat zovele in ons land met afschuwing constateerden dat het Nederlandse woord apartheid het symbool werd van de verscheurdheid in Uw land en van de onderdrukking van de meerderheid van zijn bevolking.<sup>5</sup>

Die woord apartheid het inderdaad wêreldwyd weerklink. Die bekende Nederlandse anti-apartheidstryder, Conny Braam, vertel dat sy op ‘n konferensie langs die voorsitter van die Japanse anti-apartheidsbeweging gesit het:

‘Apartheid’ was het enige woord dat ik in zijn toespraak kon verstaan.<sup>6</sup>

Die taalverwantskap het ook tot ‘n gevoel van skaamte geleid. Braam, toenmalige voorsitter van die Anti-Apartheidsbeweging Nederland

---

2. *Die Burger*, 24.10.1990.

3. *Vrye Weekblad*, 26.10.1990.

4. B.J.H. DE GRAAFF, *De Mythe van de Stamverwantschap: Nederland en de Afrikaners, 1902-1930* (Suid-Afrikaanse Instituut, Amsterdam, 1993), p.17; S.E. VAN DER WATT, *Die opsegging van die Kultuurverdrag Nederland/Suid-Afrika. ‘n Kritiese ontleding* (M.A., UOVS, 1992), p.18.

5. Manuskrip van toespraak deur koningin Beatrix, staatsbanket, Pretoria, 30 September 1996.

6. R. MUSKENS, “Gefascineerd door menselike pitbulls”, *Onze Wereld*, November 1996; Otto Terblanche, “Nederland se beheptheid met apartheid in nuwe boek uitgebeeld”, *Die Burger*, 30.7.1999.

(AABN), het by geleentheid ‘n toneel gadegeslaan digby Klerksdorp waar swart inwoners deur wit boere met uitsetting gedreig is. Haar reaksie:

Ik voel me zo beschaamd. Dat jullie bedreigd worden in je bestaan door mensen die namen dragen als mijn buren in Amsterdam maakt me misselijk.

Na aanleiding van ‘n besoek aan Suid-Afrika het sy ook verklaar:

Je verkeert voortdurend in een toestand van razernij om niet in een dodelijke schaamte te vervallen.<sup>7</sup>

Bart de Graaff het daarop gewys dat die stamverwantskap “steeds meer een bron van nationale schaamte” geword het, want “de grondleggers van apartheid, de nazaten van de vroeger zo bejubelde Boeren, waren immers nog steeds Nederlandse familieleden!”<sup>8</sup>

Aad Nuis het in ‘n boekie oor apartheid dit duidelik gestel:

Het valt velen moeilijk te aanvaarden dat een woord dat er zo Nederlands uitziet, in alle talen, terecht, de betekenis heeft gekregen van de meest vergaande vorm van rassendiscriminatie die op het ogenblik (1966) in de wereld te vinden is.<sup>9</sup>

Ten tyde van De Klerk se Nederlandse besoek in 1990 het Peter Brusse, adjunk-hoofredakteur van *Elsevier*, ook opgemerk: “Nederlanders op hun beurt schaamden zich ervoor dat ‘apartheid’ het enige Nederlandse woord was dat de hele wereld kende.”<sup>10</sup>

Die feit dat Verwoerd in Amsterdam gebore is, is natuurlik een van die ironieë in die geskiedenis, veral vanweë dié stad se uitgesproke anti-apartheidskarakter in die jare negentig.<sup>11</sup> Met pres. Nelson Mandela se besoek aan Amsterdam in Maart 1999 het hy dié stad geprys as een van

- 
7. C. BRAAM, *Operatie Vula: Zuidafrikanen en Nederlanders in de strijd tegen apartheid*, (Meulenhoff, Amsterdam, 1992), p.11; KEES SCHAEPMAN (red.), *Zware shag en gironummers. Twaalf Nederlanders over de derde wereld* (Novib, ‘s Gravenhage, 1991), p.137.
  8. “Boerenoorlog en de Nederlands nationalisme”, *Zuid-Afrika*, November/Desember 1999.
  9. A. NIJS (red.), *Apartheid: feiten en commentaren* (H.J. Paris, Amsterdam, 1966), p.5.
  10. *Vrye Weekblad*, 26.10.1990. Kyk ook *Utrechts Nieuwsblad*, commentaar, 1.10.1996.
  11. Vir meer toelighting op die Amsterdamse anti-apartheidsbeleid, kyk voorwoord van E. VAN THIJN, toenmalige burgemeester van Amsterdam, in C. VAN LAKERVELD, (Red.), *Nederland tegen apartheid* (Sdu Uitgeverij, Amsterdam, 1994), pp.7-9.

*Terblanche*

die belangrikste anti-apartheidstede van die wêreld.<sup>12</sup> Conny Braam het dan ook oor Amsterdam opgemerk: “De stad had een sterke antifascistische en antiracistische traditie, er werd vaak en veel gedemonstreerd tegen onrecht.”<sup>13</sup>

Braam was heel bewus van die feit dat “de wieg van de architect van het apartheidregime, Verwoerd, stond in Amsterdam”, daarom verwys sy ook na Amsterdam as “de stad waar de apartheid vandaan kwam”. Met hierdie veronderstelling slaan sy die bal egter heeltemal mis. Dis dieselfde stad waar die ANC vlag van die stadhuis gewapper het.<sup>14</sup> Mandela het met koningin Beatrix se besoek aan Suid-Afrika ook verklaar:

It has not escaped the notice of South Africans that ... the country from which the architects of apartheid were spawned ... is a country that stood amongst the firmest against racism in South Africa.<sup>15</sup>

Amsterdam het as onderdeel van sy anti-rassismebeleid in 1985 “riep zichzelf als eerste stad in Nederland uit tot anti-apartheidsstad en deed dat per raadsbesluit.”<sup>16</sup>

Dit is ‘n onweerlegbare feit dat Nederland en die inwoners van Suid-Afrika ‘n lang geskiedenis deel. Tussen Nederlanders en Suid-Afrikaners is daar ‘n gevoel van historiese verbondenheid en onderlinge betrokkenheid. In die woorde van G.J. Schutte:

Wij delen de tradities van een oude cultuur en de ervenis van gemeenschappelijke cultuurwaarden. De waarden van het christelijk geloof.<sup>17</sup>

Dan is daar natuurlik nog die taalverwantskap tussen Nederlands en Afrikaans. Soos Vernon February dit stel:

- 
- 12. Nederlandse Post, April 1999. Nederlanders beskou Mandela as die held van die eeu. Dit blyk uit ‘n ondersoek in opdrag van die televisie-program Studio RKK (*Nederlandse Post*, Oktober 1999).
  - 13. C. BRAAM, *Operatie Vula: Zuidafrikanen en Nederlanders in de strijd tegen apartheid*, p. 255.
  - 14. KEES SCHAEPMAN (red), *Zware shag en gironummers*, pp.131, 141.
  - 15. Manuskrip van toespraak deur pres. N.R. Mandela, staatsbanket, Pretoria, 30 September 1996.
  - 16. B. POSTHUMUS, *Van sancties tot samenwerking. Tien jaar gemeentelijk Zuidelijk Afrika-beleid* (Gemeentelijk Platform Zuidelijk Afrika, Amsterdam, 1998), p.17.
  - 17. J. PLOEGER, *Nederlanders in Transvaal 1850-1950* (J.L. van Schaik, Pretoria, 1994), p.156.

The very word ‘apartheid’ is linguistically part of the Dutch heritage.<sup>18</sup>

Hierdie sterk historiese en kulturele bande tussen Nederland en Suid-Afrika verklaar deels die emosionele betrokkenheid van Nederlanders by gebeurtenisse in Suid-Afrika. Dit is te verstane dat Nederlanders in ‘n sekere sin verantwoordelik sou voel vir dít wat in Suid-Afrika sou skeefloop. Die feit dat die boumeester van apartheid boonop in Amsterdam gebore is, sou bydra tot groter sensitiwiteit. Dit bring natuurlik ‘de schuldvraag’ aan die orde. In die woorde van Vernon February:

The sins of the Afrikaner are laid at the doorsteps of their Dutch ancestors.<sup>19</sup>

Stefan de Boer wys daarop dat Schutte die moontlikheid geopper het

dat de Nederlandse veroordeling van apartheid na 1948 mede voortkwam uit een gevoel van medeverantwoordelikheid voor de ontwikkeling van dit stelsel.

In dié verband konstateer De Boer:

Het blijft mogelijk dat de veroordeling van de Zuid-Afrikaanse rassenpolitiek mede voortkwam uit het verlangen af te rekenen met zulke schuldgevoelens over het eigen verleden.<sup>20</sup>

F.A. van Jaarsveld verwys wat dit betref onder meer na Nederland se skuldgevoelens oor Indonesië. Volgens hom kan ‘n mens praat van “‘n projeksie van die eie tekortkoming en probleme op Suid-Afrika ...”. In die woorde van Piet Cillié:

Emosioneel is die stryd tog gewoonlik die heftigste teen ‘n sonde waarvan ‘n mens self die kiem dra ... ‘Apartheid’ het ‘n simbool geword, ‘n plaasvervangende lasdraer, ‘n blits-afleier, ‘n sondebok *qui tollis peccata mundi*.<sup>21</sup>

Derk-Jan Eppink, redakteur van die *NRC Handelsblad*, het dan ook onomwonde verklaar: “Nederlanders zagen in Afrikaners het slechte evenbeeld van zichzelf ...” Die emosionele verhouding met Suid-Afrika

- 
18. V. FEBRUARY, *The Afrikaners of South Africa* (Kegan Paul International, London, 1991), p.18.
  19. *Ibid.*, p.18.
  20. S. DE BOER, *Van Sharpeville tot Soweto. Nederlands regeringsbeleid ten aanzien van apartheid, 1960-1977* (Sdu Uitgevers, Den Haag, 1999), pp.33-34.
  21. F.A. VAN JAARSVELD, *Omsingelde Afrikanerdom* (HAUM, Pretoria, 1978), p.258; PIET CILLIÉ, “Wat is (was?) apartheid?”, *Die Suid-Afrikaan*, nr. 5, 1985.

*Terblanche*

kry, volgens hom, byna ‘n religieuse dimensie. Nederland voel hom skuldig oor wat in Suid-Afrika gebeur: “Afrikaners waren immers het slechte evenbeeld. Schuld is het credo van de calvinist.”<sup>22</sup>

Ena Jansen, biograaf van Elisabeth Eybers, was weer van mening:

... Nederlanders, die waarschijnlijk juist vanwege de stamverwantschapsidee aan een vorm van plaatsvervangende schaamte leden, zich zo fel keerden tegen de door Afrikaners geleide regering.<sup>23</sup>

Die Amerikaanse geleerde, Edwin Munger, het die volgende raak beskrywing gegee van die Nederlandse sienswyse:

The very closeness of Afrikaans to Dutch, and the cultural similarities that persist, sometimes drive Dutch critics of Afrikaner politics to excess. At international conferences dealing with Africa, Dutch delegates have been known to greet another delegate with an expression such as: ‘I’m Dutch and I hate apartheid’.<sup>24</sup>

Daar het, interessant genoeg, nog nie veel biografiese werke oor Verwoerd verskyn nie.<sup>25</sup> ‘n Amerikaanse navorser het ‘n uitvoerige studie gepubliseer oor Verwoerd se vroeë akademiese loopbaan.<sup>26</sup> Min is egter nog gepubliseer oor Verwoerd se Hollandse afkoms en sy verhouding met Nederland.<sup>27</sup>

- 
- 22. D-J. EPPINK, “Zuid-Afrika: schuld en boete”, *NRC Handelsblad*, Mei 1990.
  - 23. E. JANSEN, “De culturele relatie Nederland-Zuid-Afrika: vroeger en nu”, *Ons Erfdeel*, November/Desember 1998.
  - 24. E. S. MUNGER, “The Afrikaner as seen abroad”, in: HENDRIK W. VAN DER MERWE (ed.), *Looking at the Afrikaner today* (Tafelberg, Cape Town, 1975), p.106.
  - 25. P.W. GROBBELAAR, *Man van die volk* (Human & Rousseau, Kaapstad en Pretoria, 1966); A. HEPPEL, *Verwoerd* (Penguin, Middlesex, 1967); J. BOTHA, *Verwoerd is dead* (Books of Africa, Cape Town, 1967); G.D. SCHOLTZ, *Dr. Hendrik Frensch Verwoerd 1901-1966*, Twee bande (Perskor, Johannesburg, 1974); H. KENNEY, *Architect of apartheid: H.F. Verwoerd - an appraisal* (Jonathan Ball, Johannesburg, 1980); C.J. BEYERS (Red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, IV* (Butterworth, Pretoria, 1981).
  - 26. R. BALSTAD MILLER, “Science and society in the early career of H.F. Verwoerd”, *Journal of Southern African Studies*, Desember 1993.
  - 27. C. PAMA, “Die afstamming van dr. Hendrik Verwoerd”, *Familia*, jaargang IV, 1967 en jaargang V, 1968; M. POS, *Wie was dr. Verwoerd?* (De Banier, Utrecht, 1967); O. TERBLANCHE, “Dr. H.F. Verwoerd en de ton van Luns”, *Zuid-Afrika*, Maart 1998; O. TERBLANCHE, “Hollandse afkoms van Verwoerd”, *Zuid-Afrika*, Julie/Augustus 1998.

## **Biografiese besonderhede**

Die familie Verwoerd kom oorspronklik van die dorpie Bodegraven, geleë aan die Oude Rijn tussen Utrecht en Leiden in die provinsie Suid-Holland. Die dorpie Woerden is naby Bodegraven geleë. Die woorde *woerd* of *waard* dui op ‘n laagliggende oewerland, dit wil sê ‘n laagliggende stuk grond deur dyke omring en beskerm. Die *Van Dale Groot Woordenboek der Nederlandse Taal* omskryf die woord *woerd* as volg: ‘laaggelegen, omdijkt stuk grond’. Die Verwoerd-voorouers uit hierdie omgewing dateer uit die 16de eeu. Almal was landbouers en veeboere.<sup>28</sup> Bodegraven en Woerden is tradisioneel bekend as sentrums van kaashandel en vir hul kaasmarkte. In die jongste telefoongids van Bodegraven verskyn daar nog die name van vier Verwoerds.

Dr. Verwoerd se vader, Wilhelm Johannes Verwoerd, is in 1874 in Nieuwer Amstel gebore. Die familie Verwoerd het hul later in Ouderkerk aan de Amstel gevestig. Dit is ‘n historiese klein dorpie geleë aan die suidelike buitewyke van Amsterdam. Die dorpie is ‘n 1000 jaar oud. Die Verwoerd-huis te Ouderkerk was by Brugstraat 4. Verwoerd se oupa, Leendert, ‘n bou-aannemer, en sy broer Hendrik het hier ‘n “metselaarsbedryf” gehad.<sup>29</sup>

Verwoerd se moeder, Anje Strik, het uit die noordelike deel van Nederland gekom. Sy is in 1873 in Grijpskerk gebore, ‘n dorpie geleë op die grens van die provinsies Friesland en Groningen. Anje se vader, Hendrik Strik, is in Groningen gebore. Haar oupa was ds. Frens Strik, predikant van die Christelike Gereformeerde Kerk. Hierdie Gereformeerdes was ultra-Calviniste.

Die skryfster, Mary Pos, wys heeltemal tereg daarop dat die benaming ‘Amsterdamse jongen’ nie op Verwoerd van toepassing gemaak kan word nie, want van vaderskant stam hy uit ‘n familie uit die provinsie Suid-Holland. Daarby was hy die seun van ‘n Fries-Groningse moeder.<sup>30</sup> Volgens Pama is dit merkwaardig dat daar nêrens ‘n spoor van nie-Nederlandse afstamming gevind kon word nie.

Wilhelm Johannes en Anje is in 1898 getroud. Wilhelm was toe reeds in Amsterdam gevestig. Hul eerste kind is in 1899 gebore. Hy het die naam Leendert ontvang en is daarna Len genoem. Op 8 September 1901 is ‘n tweede seuntjie vir die Verwoerd-egpaar in Amsterdam gebore. Sy naam

---

28. G.D. SCHOLTZ, *Dr. Hendrik Frensch Verwoerd 1901-1966*, Eerste band, pp.4-8; C. PAMA, “Die afstamming van dr. Hendrik Verwoerd”, *Familia*, IV, pp.80-84.

29. *Ouderkerksch Weekblad*, 8.9.1966.

30. M. POS, *Wie was dr. Verwoerd?* pp.116-122.

was Hendrik Frensch. Hy is in die huis by Jacob van Lennepkade 16 gebore.<sup>31</sup> Wilhelm was toe vennoot in ‘n kruidenierssaak. Die winkeltjie was op die grondvloer op die hoek van Jacob van Lennepkade en Da Costastraat. Hierdie Amsterdamse huis is in Oud-West geleë, digby die bekende Vondelpark.

Die naam Hendrik kom voor by sowel die familie Verwoerd as die familie Strik. Dr. Verwoerd het die voornaam Frensch van die Striks geërf. Die naam Frens is die Friese vorm vir Frans. Die destyds heersende Nederlandse spelling was Frensch.

Die jong egpaar Verwoerd het saam met al die ander Nederlanders die verloop van die Anglo-Boereoorlog intens gevolg. Hulle het op ‘n intieme en simpatieke wyse meegeleef met die lotgevalle van die Republikeinse magte. Die helde-ontvangs wat pres. Paul Kruger op 19 Desember 1900 in Amsterdam te beurt gevall het, het ‘n groot en onuitwisbare indruk op hulle gemaak. By Wilhelm het die gedagte posgevat om sy lot by dié van die Afrikaners in te werp. In Suid-Afrika sou hy ook moontlik sy ideaal om sendingwerk te doen kon verwesenlik. ‘n Paar maande voor sy dood het hy die oortuiging uitgespreek dat sy koms na Suid-Afrika die wil van God was.<sup>32</sup>

Die Verwoerd-gesin sou dus nie lank in Amsterdam bly woon nie. As ‘n laaste herinnering aan Amsterdam is ‘n foto van Wilhelm en van Anje in Vondelpark geneem, met hul twee seuntjies voor hulle op die gras.<sup>33</sup>

Die Verwoerds het op 7 November 1903 per skip uit Nederland vertrek. Die skeepsreis na Kaapstad sou drie weke duur. Op 28 November het hulle in hul nuwe vaderland aangekom. Klein Hendrik was toe ‘n seuntjie van iets meer as twee jaar en twee maande oud. Met sy verkiesing as Eerste Minister in 1958 het sy trotse ou vader opgemerk:

Toe ek die dag in 1903 by Kaapstad aan wal gestap het met die tweearige knaap aan my hand, het ek nooit kon dink dat ek vir Suid-Afrika ‘n premier bring nie.<sup>34</sup>

Volgens G.D. Scholtz het die egpaar in hul seuntjie “die grootste geskenk van Nederland aan Suid-Afrika in die twintigste eeu gebring.”<sup>35</sup>

- 
31. P.W. GROBBELAAR, *Man van die volk*, pp.9-13; A. CORNELIUS, “Hier is dr. Verwoerd gebore”, *Die Huisgenoot*, 7.5.1965, pp.14-17.
  32. S.A. JOUBERT VERWOERD, *Wilhelm Johannes Verwoerd* (President-Uitgewers, Johannesburg, 1965), pp.13, 70; Herinneringe van mev. Lucie Cloete (suster van dr. Verwoerd), 3 Februarie 1973 (manuskrip).
  33. M. POS, *Wie was dr. Verwoerd?* p.117.
  34. S.A. JOUBERT VERWOERD, *Wilhelm Johannes Verwoerd*, p.61.

*Dr. H.F. Verwoerd se Nederlandse afkoms*

Dr. Verwoerd se vader en moeder het hulle volkome met die Afrikanervolk vereenselwig. Van hul aankoms in Suid-Afrika af was hul belangheeltemal met die Afrikanerdom verenig. Hulle was nooit weer in Nederland nie. Min. M.D.C. de Wet Nel skryf oor dr. Verwoerd se vader:

Hy was vir my altyd die suiwer tipe van die Christelik-Nasionale Afrikaner ... Hy was ook 'n Nasionalis in die ware sin van die woord.<sup>36</sup>

Klein Hendrik was reeds van vroeg af Afrikaner in murg en been, ten spyte van die feit dat hy vir die grootste deel van sy skoolopvoeding sy onderrig deur medium van Engels ontvang het. Sy ouers het wel aanvanklik huis Nederlands gepraat, maar die gees in die ouerhuis was van meet af aan sterk Christelik-Nasionaal en Afrikaans. Dr. Verwoerd het self hieroor getuig: "Van my kortbroekjare af was ek Nasionalis en Republikein, eers seker omdat dit altyd die gees van my ouerhuis was ..." <sup>37</sup>

Daar het 'n besonder mooi en intieme verhouding tussen die ouers en die kinders bestaan. 'n Kenmerk van die private lewe van dr. Verwoerd in later jare was steeds die baie hegte band tussen hom en sy ouers. Die dood van sy moeder in 1940 was vir hom 'n harde slag, want hy was besonder geheg aan haar. Hy het die afsterwe van sy bejaarde vader in 1961 ook innig gevoel. Sy vader het nog die voorreg gehad om Republiekwording te beleef.

Die feit dat dr. Verwoerd se moeder van Friese afkoms was, verklaar al onmiddellik veel van sy persoonlikheid, omdat die Friese bekend is vir hul onverbiddelike standvastigheid. Soos G.D. Scholtz dit stel: "As 'n Fries daarvan oortuig is dat hy die reg aan sy kant het, sal niks ter wêreld hom kan beweeg om van sy ingenome standpunt af te sien nie. Dan staan hy net so onbeweeglik en sterk as die dyk ... waarteen die Noordsee so tevergeefs beuk en slaan." Daarby het die Friese 'n sterk bewustheid van hul identiteit.

---

35. G.D. SCHOLTZ, *Dr. Hendrik Frensch Verwoerd 1901-1966*, Eerste band, p.8.

36. S.A. JOUBERT VERWOERD, *Wilhelm Johannes Verwoerd*, voorwoord. Kyk ook W.J. VERWOERD II, "Oupa Verwoerd van Brandfort: so onthou ek hom", *Verwoerd-familie - Nuusbrief*, nr. 2, 1995.

37. H.F. VERWOERD, "Herinneringe op die Republikeinse pad", in F.A. VAN JAARSVELD en G.D. SCHOLTZ (reds.), *Die Republiek van Suid-Afrika: Agtergrond, ontstaan en toekoms* (Voortrekkerspers, Johannesburg, 1966).

Anje Strik sou haar Friese afkoms nooit verloën nie. Sy is deur groot standvastigheid gekenmerk en daarby was sy nooit bereid om van haar hart ‘n moordkuil te maak nie. Sy was baie reguit en het haar mening oor sake prontuit uitgespreek.<sup>38</sup> Mary Pos maak ook melding van

de frappante gelijkenis van dr. Verwoerd met zijn moeder ...  
Zelden heeft men een zoon zo op z’n moeder zien lijken als Hendrik Verwoerd op de zijne. De gestalte, de vorm van het gezicht, de uitdrukking ervan, de glimlach.<sup>39</sup>

Volgens Pama het Verwoerd nie alleen die voornaam Frensch van die Striks geërf nie, maar hy het ook “die onbuigsame en reglynige opvatting van beginsele” van ds. Frens Strik gekry. Ds. Strik was Verwoerd se oupagrootjie. Volgens ‘n portret van ds. Strik in *Familia* is daar ‘n treffende ooreenkoms tussen hom en Verwoerd (sy agter-kleinseun). Die gelykenis is opvallend. Pama maak verder die bewering dat Verwoerd in sy uiterlike vir hom altyd gelyk het na ‘n man uit die omgewing van Grijpskerk aan die Fries-Groningse grens.<sup>40</sup>

Daar was ook sterk familietrekke tussen dr. Verwoerd en sy neef, Hendrik Verwoerd (‘Oom Henk’), wat in 1958 na Kanada geëmigreer het. Dit is nie verbasend nie, want hulle was die seuns van twee broers wat met twee susters getroud was.<sup>41</sup> (Dr. Verwoerd was destyds nie baie gretig dat hy na Suid-Afrika emigreer nie, aldus prof. W.J. Verwoerd).

Dr. Verwoerd het dus ongetwyfeld sy uiterlike voorkoms van sy Nederlandse voorouers geërf. Hy was ‘n man met ‘n besonder sterk gestel. As persoon was hy ‘n man van bogemiddelde lengte en sy fisiese krag was groot. Dit is iets wat hy van sy voorsate geërf het, aldus Scholtz.

Volgens Scholtz het Verwoerd ook twee uitnemende gawes van sy ouers ontvang. Eerstens het hulle die Gereformeerde lewensbeskouing op hom oorgedra. By hulle het die Christelike godsdiens, in sy streng Calvinistiese vorm, die sentrale plek in hul lewensbeskouing ingeneem. Van geloof en oortuiging was hulle Gereformeerde. Verwoerd sou aan hierdie lewensbeskouing dwarsdeur sy lewe getrou bly. Dit sou die basis vorm van sekere politieke en ander beginsels waarby hy onwrikbaar vas sou staan.

---

38. G.D. SCHOLTZ, *Dr. Hendrik Frensch Verwoerd 1901-1966*, Eerste band, pp.5, 7

39. M. POS, *Wie was dr. Verwoerd?*, pp.118, 121.

40. C. PAMA, “Die afstamming van dr. Hendrik Verwoerd”, *Familia*, IV en V.

41. “Hendrik Verwoerd, 1915-1995”, *Verwoerd-familie - Nuusbrief*, nr. 2, 1995.

Die tweede gawe wat Verwoerd van sy ouers ontvang het, was ‘n Nederlandse agtergrond. Scholtz het dit benadruk “dat daar vir ‘n Afrikaner noulik ‘n kosbaarder besit kan wees as ‘n Nederlandse agtergrond.” Wie Verwoerd intiem geken het, kon onmiddellik bespeur “dat dit hier gaan om ‘n Afrikaner wat daardie kosbare gawe van ‘n Nederlandse agtergrond ontvang het.”

Verwoerd het, aldus Scholtz, die volgende karaktereienskappe en -trekke besit wat hom aan sy afkoms herinner het:

Beginselvastheid, standvastigheid of koersvastheid was ‘n karaktertrek wat hy in buitengewone mate gehad het. Wanneer hy daarvan oortuig was dat hy die reg aan sy kant het, sou nijs hom beweeg om sy standpunt te verander nie. By sy beginsels het hy gestaan en geval: “Dit is beginsels waaraan (hy) onwrikbaar glo omdat (hy) van die waarheid daarvan ten volle oortuig is”. Beginsels wat op die waarheid gegrond was, sou hy nooit prysgee of versaak nie. Wanneer dit om ‘n beginsel gegaan het, was hy onversetlik en onverbiddelik. Dan was hy werklik “die man van graniët”.

Die Afrikaanse joernalis, Rykie van Reenen, het in 1957 in ‘n uitvoerige onderhoud vir Verwoerd gevra wat die geheim is dat hy te midde van al sy werksverpligte, spanning en verantwoordelikhede so rustig en ontspanne voorkom. Heeltemal onbevange het hy geantwoord: “Sien, ‘n mens het darem nie die kwelling van twyfel of jy dalk verkeerd het nie.”<sup>42</sup>

Verwoerd was baie eerlik en reguit. Hy was openhartig en het sy standpunt op rondborstige wyse gestel. Wanneer hy reguit was, was hy soos die Nederlander meestal op sy kalmste en nugterste. Terwyl hy doodkalm was, het hy ronduit gesê wat hom op die hart lê.

Verwoerd het elke saak waarmee hy te doen gekry het, eers op eerlike en nugtere wyse deurdink en bepeins. Die gevoel of emosie het by hom steeds ‘n ondergeskikte rol gespeel. Nugterheid en die rede het by hom die deurslag gegee. Hy sou steeds ‘n beroep doen op die verstand van sy toehoorders en nie op hul gevoel nie.

Verwoerd was ook in sy logiese vermoë die gebore Nederlander. Sy logika het hom in staat gestel om die voor en teen van elke saak duidelik te sien, hulle teen mekaar op te weeg en dan tot ‘n vaste besluit te kom. Deur sy logiese vermoë was hy die analitikus wat ‘n saak in al sy

42. R. VAN REENEN, “Maak kennis met die Verwoerds”, *Die Byvoegsel tot Die Burger*, 14/15.6.1957; R. VAN REENEN, *Op die randakker* (Tafelberg, Kaapstad, 1980), pp.16-17.

bestanddele uiteen kon haal. Hy kon só logies redeneer dat elkeen sy standpunt kon begryp.<sup>43</sup>

### **Verwoerd se uitsprake**

Verwoerd se Hollandse afkoms was sy Achilleshiel, veral in dié opsig dat hy nie graag daaraan herinner wou word nie. Daar was dus tog ‘n mate van gevoeligheid by hom daaroor. Hy sou dit in elk geval nie uitbasuin nie. Omdat hy van kleinsaf Afrikaner was, was dit nie vir hom belangrik nie.

Die feit dat Verwoerd in Nederland gebore is, was nie altyd ewe bekend aan almal nie. Trouens, tot in die vyftigerjare is in sekere kringe aangeneem dat hy in Suid-Afrika gebore is. In ‘n lewenskets in ‘n Afrikaanse Personeregister van 1942 word nie gemeld dat dr. Verwoerd in Amsterdam, Nederland gebore is nie. Daar word alleen genoem dat hy die seun is van W.J. Verwoerd, Brandfort, OVS.<sup>44</sup>

In 1950 toe Verwoerd as die nuwe minister van Naturellesake aangestel is, het *Die Oosterlig*, susterkoerant van *Die Burger*, verkeerdelik gemeld dat hy op Brandfort in die Vrystaat gebore is.<sup>45</sup> In ‘n gedenkboek oor die prestasies van die Nasionale Party, wat in 1953 in medewerking met die NP verskyn het, word eweneens gesê dat Verwoerd op Brandfort gebore is.<sup>46</sup> In 1957 het majoer P. van der Byl, LV vir Groenpunt, in die Parlement verklaar dat Verwoerd van Hollandse ouers in Rhodesië gebore is.<sup>47</sup>

‘n Artikel in die *Suid-Afrikaanse Panorama*, uitgegee deur die SA Inligtingsdiens in Pretoria, wat oor Verwoerd as Suid-Afrika se nuwe premier gehandel het, het sy geboorte verswyg. Die artikel begin naamlik by sy skoolopleiding.<sup>48</sup> W.G. Hendricks het in ‘n doktorale proefskrif (1984) oor Nederlands/Suid-Afrikaanse betrekkinge (1946-1961) géén

- 
43. G.D. SCHOLTZ, *Dr. Hendrik Frensch Verwoerd 1901-1966*, Eerste band, pp.16, 18, 59, 98, 198-199; Tweede band, pp.7, 9-10, 12, 15-16, 22, 48, 243, 319, 323.
44. *Die Afrikaner-Personeregister 1942* (Voortrekkerpers, g.p., g.d.), p.290.
45. *Die Oosterlig*, 20.10.1950.
46. D.P. GOOSE (red.), *Die triomf van nasionalisme in Suid-Afrika, 1910-1953* (Impala, Johannesburg, 1953), pp.43, 229.
47. *Debatte van die Volksraad*, 21.3.1957, kol. 3369.
48. “Dr. H.F. Verwoerd - Suid-Afrika se sesde premier”, *Suid-Afrikaanse Panorama*, November 1958, pp.6-7.

melding gemaak van Verwoerd se verkiesing as premier of van sy Hollandse afkoms nie.<sup>49</sup>

Die eerste intieme koerantbeeld van Verwoerd het eers in 1957 verskyn. Rykie van Reenen het naamlik in *Die Byvoegsel tot Die Burger* vir die eerste keer ‘n skets van die mens Verwoerd gegee. Dit was ook die eerste amptelike bevestiging in die Afrikaans-Nasionale pers van Verwoerd se Hollandse afkoms. Die Verwoerds was aanvanklik teësinnig dat die feit vermeld word dat hy in Amsterdam gebore is. Rykie van Reenen het geoordeel dat dit nodig is, “want in ‘n Afrikaanse who’s who het gestaan dat hy op Brandfort in die Vrystaat gebore is”, aldus Piet Cillié, destydse redakteur van *Die Burger*.<sup>50</sup>

Cillié het as redakteur self die aanvoorwerk vir die artikel gedoen. Verwoerd was toe in ‘n politieke storm en moes venynige aanvalle en beskuldigings van alle kante verduur oor die sogenaamde “kerkkloousule” in ‘n wetsontwerp. Dit was gemik op rasseskeiding in kerkdienste in stedelike gebiede. Cillié skryf hieroor: “As teenmiddel het ek persoonlik aan Verwoerd gestel ‘n artikel wat konsentreer op sy huislike en algemeen ‘menslike’ agtergrond. Hy was eers onwillig, maar het hom laat ompraat. Die artikel is voor publikasie nagesien deur mev. Verwoerd en was dus ‘amptelik’ - ook in die bevestiging van Verwoerd se Nederlandse geboorte.” Voorheen was die feit in vaagheid gehul.<sup>51</sup>

Dié artikel meld wel dat hy in Nederland gebore is, maar verkeerdelik is toe bygevoeg dat hy “‘n pap babetjie van drie maande” was toe sy ouers hierheen gekom het. (Klein Hendrik was in werklikheid twee jaar en twee maande oud). Verwoerd het homself konsekwent jonger geskat, want in ‘n brief wat hy in 1943 aan sy sekretaresse gedikteer het, meld hy dat hy “omtrent ses maande oud was” toe sy ouers na Suid-Afrika gekom het.<sup>52</sup> Vermoedelik het die datum van sy ouers se immigrasie nie in sy geheue vasgesteek nie. In hierdie brief het Verwoerd ook daarop gewys dat hy “sy hele lewe lank deur opvoeding en lewensbeskouing nog net nasionalis en Afrikaner was.”

Met Verwoerd se verkiesing as Suid-Afrika se sesde Eerste Minister in 1958, het *Die Burger* ‘n volbladsy levenskets geplaas onder die opskrif

- 
49. W.G. HENDRICKS, *Die betrekkinge tussen Nederland en Suid-Afrika, 1946-1961*, (D.Phil., UWK, 1984).
50. ‘n Boekie vir Piet (Tafelberg/Human & Rousseau, Kaapstad, 1985), p.83.
51. Brief van P.J. Cillié aan H.O. Terblanche, 18.2.1998. Kyk ook Dawie, “Hy was ons magtigste leier”, *Die Byvoegsel tot Die Burger*, 10.9.1966.
52. W.J. VERWOERD, *Dr. H.F. Verwoerd: vegter vir vryheid* (16de H.F. Verwoerd-gedenklesing, Pretoria, 1990), p.3.

“Immigrante-kind word Eerste Minister.” Daar word wel genoem dat hy in Amsterdam gebore is, maar die fout dat hy “drie maande oud was” toe sy ouers na Suid-Afrika verhuis het, word herhaal.<sup>53</sup>

Daar is wel getuienis uit meer as een oord dat Verwoerd gevoelig was oor sy Hollandse afkoms, veral omdat die Opposisie hom soms “verwyt” het dat hy nie eens ‘n Suid-Afrikaans-geborene was nie. Die bekende koerantman Jan J. van Rooyen meld dat Verwoerd voor die premiersverkiesing in 1958 maar bra teësinnig was dat die feit vermeld word dat hy in Amsterdam gebore is. “Ag nee wat, kan jy dit nie maar los nie?” het hy eers geprotesteerd.<sup>54</sup>

Fred Barnard, wat 13 jaar lank privaatsekretaris van Verwoerd was, vertel dat Verwoerd hom nie huis gesteur het aan die neerhalende manier waarop mense soms na hom verwys het as ‘n “uitlander” nie. By een geleentheid het hy wel in ligte luim teenoor Barnard opgemerk: “Ons bepleit almal immigrasie ... en nou is daar werklikwaar mense wat my uitskel vir ‘n immigrant!”<sup>55</sup>

Barnard meld ook dat die feit dat Verwoerd in Nederland gebore is, ná sy verkiesing as premier opnuut en herhaaldelik teen sy hoof geslinger is. Verwoerd se reaksie was: “Ja, immigrante is welkom, dog mag nie presteer nie.”<sup>56</sup>

In die Senaat het Opposisie-woordvoerders Verwoerd verwyt dat hy ‘n vreemde ideologie op Suid-Afrika wil toepas, dat hy betreklik vreemd aan Suid-Afrika is en dat daar nie Voortrekkerbloed in sy are vloei nie. In die woorde van sen. J.M. Conradie:

Die Minister (Verwoerd) is nie in staat om oor die sake soos ons te dink nie wie se voorouers hier vir geslagte en geslagte gewoon het nie. Die Minister is nie by magte nie ... om daardie mentaliteit van die naturel te verstaan nie ....<sup>57</sup>

Verwoerd het hom in die Senaat sterk uitgelaat oor die agitasie van die Verenigde Party-propagandiste om hom te verkleineer met verwysing na die feit dat hy nie in Suid-Afrika gebore is nie. Hieroor het Verwoerd die volgende gesê: “Maar dit is mos nie ‘n geheim nie. Dit is mos nie iets

---

53. *Die Burger*, 3.9.1958.

54. J.J. VAN ROOYEN, *Ons politiek van hary* (Tafelberg, Kaapstad en Johannesburg, 1971), p.28.

55. *Dagbreek en Sondagnuus*, 11.9.1966.

56. F. BARNARD, *13 Jaar in die skadu van dr. H.F. Verwoerd* (Voortrekkerpers, Johannesburg, 1967), p.63.

57. *Debatte van die Senaat*, 17.6.1957, kol. 5738.

wat ek moet wegsteek nie. Maak dit ‘n verskil of ek per toeval drie maande vroeër of drie maande later gebore is – dus binne of buite die Unie? Almal weet my vader is ‘n Hollander en of hulle toevallig ook weet of ek hier gebore is of nie, maak mos nie saak nie. Almal weet my hele lewe is in Suid-Afrika geslyt. My skooljare, my hele opleiding, my dienste aan ‘n universteit, my dienste in verband met die Armblankekongres, daarna, in die koerantwêreld was alles in die Unie, en as Nasionalis. Almal weet dit. Jy kan maar weet ek was drie maande oud toe my ouers geland het.”<sup>58</sup> (Die drie maande was natuurlik ‘n vergissing van Verwoerd).

Die enigste indringende onderhoud wat ooit met Verwoerd gevoer is oor sy Hollandse afkoms en sy verhouding met Nederland, is nie lank voor sy dood nie gevoer deur die Nederlandse skryfster, Mary Pos. Volgens Pos had Verwoerd dieselfde ronde gesig as menige emigrant uit Nederland, “en meer dan eens had men van Zuidafrikaanse zijde tegen ons, soms een beetje meesmuilend, gezegd: ‘Hij is en blijft een kaas!’” Die skryfster is oortuig daarvan dat Verwoerd na Nederland met ander oë kyk as na ander lande, omdat hy diep in sy hart weet dat sy beste eienskappe afkomstig is van sy Hollands-Fries-Groningse ouers. Om daardie rede moes die houding van ‘n groot deel van die Nederlandse volk hom uitermate gegrief het. Hieroor het Verwoerd opgemerk: “Men schijnt in uw land niet te willen zien hoe de plannen, die wij hier tot uitvoering trachten te brengen, het welzijn van *alle* bevolkingsgroepen beogen. Zonder daarbij de chaos over ons land te brengen, zoals in Kongo en andere Afrikaanse staten.”

Verwoerd het dit benadruk dat hy meer begrip huis van die Nederlandse regering verwag het, veral omdat Nederland oor baie jare gekonfronteer is met chaotiese toestande in die voormalige Nederlands-Indië, “sinds het veel te overhaast op eigen benen kwam te staan, om van de vele doden maar niet te spreken.” Boonop staan die Indonesiese bevolking op ‘n hoërs beskawingspeil as die swartmense in Afrika. “Wij hopen hen in elk geval niet aan te doen wat met Ambon en uw Nieuw-Guinea is gebeurd.”

Verwoerd het dit duidelik gestel dat dit elkeen se goeie reg is om met andere oor bepaalde dinge van mening te verskil en selfs daarteen te protesteer. “Maar zeker niet dat men die ander’s doen en laten op de felste wijze veroordeelde, zonder zich zelfs enigermate diens schier onoverkomelijke problemen te willen indenken.” Sonder om die nodige kennis te verwerf van waaroor dit eintlik gaan; en sonder dat mens die

---

58. *Debatte van die Senaat*, 22.6.1957, kol. 6210.

*Terblanche*

moeite doen om te bepaal hoedat jy self sou optree as jy jou in dieselfde situasie as die Suid-Afrikaanse volk bevind het.

Iets wat hy nie kon begryp nie, was “dat juist zovele Nederlanders, wier taal de moeder van het Afrikaans was, wier voorvaderen ook die van vele Zuid-Afrikaners waren, die zovele van dezelfde karaktereigenschappen als de Zuid-Afrikaners van het voorgeslacht hadden geërfd, zich op de meest ongebreidelde haatcampagne hadden geworpen. Hij, die zelf 100 procent van Nederlandse afkomst was.”

Dit het vir Verwoerd gevoel of daar elemente in Nederland was wat doelbewus chaos in Suid-Afrika wou veroorsaak. ‘n Beleid van “one man, one vote” sou noodwendig daartoe aanleiding gee:

Maar dat er nog zovelen, ook in Nederland, ziende blind zijn, is voor ons onbegrijpelijk.” Verwoerd het dit benadruk dat Suid-Afrika nog altyd honderd persent lojaal teenoor die Weste was.<sup>59</sup>

Die Nederlandse regering is só vyandig teen Suid-Afrika, aldus Verwoerd, dat hy in die VN teen ons stem, selfs as sy bondgenote hulle van stemming onthou: “En waarom toch die vijandigheid? Hebben wij ons ooit jegens Nederland misdragen?” Of kritiek uitgeoefen op die wyse waarop Nederland sy probleme insake sy nie-blanke Ryksgenote probeer oplos?

Ondanks die feit dat Nederland volkome op die hoogte was van die chaotiese toestande in vele van die onafhanklike swart Afrika-state, “heeft juist de Nederlandse regering zich feller dan welk ander westelijk land ook, aan de zijde van deze landen gesteld.” Maar, wou Verwoerd weet, wanneer het die Nederlandse regering geprotesteerd toe die gruwelikste dinge in die Kongo gebeur het, toe daar massamoorde gepleeg is in Indonesië, en toe die grootste onreg in Nieu-Guinee geskied het? Byna radeloos het Verwoerd gevra: “Waarom is uw land toch zo tegen ons! Hebben wij, uw mede-blanken, dan géén recht op leven en op ons bestaan?”

Verwoerd wou graag die bilaterale betrekkinge tussen Nederland en Suid-Afrika op ‘n gesonde grondslag plaas: “Nogmaals, niets zou mij liever geweest zijn dan in goede verstandhouding met Nederland te leven. Maar zonder het minste begrip voor de interne problemen van ons land is dat onmogelijk.” Hy sou graag die handelsbetrekkinge wou uitgebrei het en het alle “goedwillende en capabele” emigrante van harte

---

59. M. Pos, *Wie was dr. Verwoerd?*, pp.128-131.

verwelkom. Hulle sou hul spoedig huisvoel, omdat Nederlands “de moeder van ónze taal was.”

Volgens Pos was dit asof Verwoerd hom deur die onderhoud gerig het tot die Nederlandse volk, waaruit hy voortgekom het:

Een volk, dat zó bewerkt is dat het, in het algemeen zonder enige kennis van de *werkelijke* toestanden, vooraan in de rij der volken is gaan staan in de hetze tegen hem en zijn land.<sup>60</sup>

Hoe het Verwoerd gereageer op spesifieke aangeleenthede wat Nederlands/Suid-Afrikaanse betrekkinge regstreeks sou raak? Eerstens, die Duitse inval in Nederland op 10 Mei 1940. Verwoerd het as redakteur van *Die Transvaler* die Duitse aanval ten sterkste afgekeur: "...dis verskriklik en 'n klad op die beskawing dat magtige state so speel met die vrede, vryhede en lewensbloed van die inwoners van die kleiner lande ... Die nasionaalvoelende Afrikaner voel ontsteld oor die ramp wat Holland en België getref het." Die vraag wat gestel moet word, is: Wat is in die belang van Suid-Afrika? Verwoerd het verwys na wat veertig jaar tevore gebeur het toe die klein Afrikaanse volk die slagoffer van 'n (Britse) aggressor geword het en toe daar van die Nederlandse volk soveel simpatie gekom het. Tog was die Nederlanders toe verplig om na hul eie belang om te sien. Nederland het 'n verklaarde beleid van neutraliteit gevolg (ten spyte van 'n vloedgolf van simpatieke meelewings met die Boeremagte), en dit was nie in sy belang om oorlog teen die Britse Ryk te verklaar nie.

Verwoerd het daarop verklaar: "Die Unie is nou in dieselfde posisie", met ander woorde, daar is geweldige simpatie vir die lotgevalle van die Nederlanders, maar dit is in die beste belang van Suid-Afrika om sy verklaarde beleid van neutraliteit voort te sit. Suid-Afrika moes hom dus uit die twiste van die Europese moondhede hou. Verwoerd het wel gevoel dat vir die Afrikaners geleentheid geskep moes word om op daadwerklike wyse hul simpatie met die Nederlanders te betuig. Verwoerd se wenk oor hulpverlening (binne die beleidsraamwerk van neutraliteit) is opgevolg en 'n fonds is onmiddellik in die lewe geroep vir noodleniging in Nederland.<sup>61</sup>

Verwoerd het na sy verkiesing as premier sy destydse standpunt herbevestig teenoor die Nederlandse ambassadeur in Suid-Afrika, dr. Jan van den Berg. Hy het daarop gewys "dat de NP veel sympathie had

---

60. M. Pos, *Wie was dr. Verwoerd?*, pp.145-148.

61. *Die Transvaler*, hoofartikel, "Ons standpunt nou", 11.5.1940, in G.D. SCHOLTZ, *Dr. Hendrik Frensch Verwoerd 1901-1966*, Eerste band, pp.117-118.

### *Terblanche*

gevoeld voor de Nederlandse bevolking in Mei 1940, maar dat zij, evenmin als Nederland actief had deelgenomen aan de Boerenoorlog, zich gerechtigd hadden gevoeld om niet van hun standpunt van de neutraliteit af te stappen.”<sup>62</sup>

Die beginsels van die Duitse Nasional-Sosialisme is konsekwent deur Verwoerd verwerp. Hy het dit dan ook duidelik gestel in ‘n hoofartikel van *Die Transvaler*

dat die Afrikaner met Duitse Nasional-Sosialisme net so min te doen wil hê as met Britse imperialisme en dat hy net so min ‘n handlanger van Hitler wil wees as van Chamberlain ....<sup>63</sup>

G.D. Scholtz vertel dat Verwoerd, wat in die Sielkunde gestudeer het, dikwels teenoor hom verklaar het dat hy Hitler as ‘n psigopaat beskou het.<sup>64</sup>

Die Nederlandse *Commissie* wat vir die uitvoering van die Kultuurverdrag tussen Nederland en Suid-Afrika verantwoordelik was, het Suid-Afrika in 1961 besoek. Dr. J. Donner was toe die voorsitter van die *Commissie*.<sup>65</sup> Samesprekings is ook met Verwoerd gevoer, veral oor die stand van die kulturele betrekkinge tussen beide lande. Verwoerd het, wat die uitwisseling van beurse en stipendia betref, die belangrikheid beklemtoon dat toekomstige Suid-Afrikaanse intelligentsia ‘n Wes-Europese vorming moes kry. Hy het ook aangedring op die uitwisseling op ander terreine as die wetenskaplike. Hy wou ook die verspreiding van Suid-Afrikaanse boeke in Nederland en omgekeerd bevorder. Verwoerd het egter daarop gewys dat Suid-Afrika in die algemeen meer begrip by die Vlaamse deel van België as by Nederland vind.<sup>66</sup>

Nederland was in Oktober 1961 die enigste Westerse land wat in die Algemene Vergadering van die VN vir ‘n mosie van sensuur teen Suid-Afrika gestem het. Mn. Eric Louw, Suid-Afrikaanse minister van Buitelandse Sake, het gesê die optrede van Nederland was vir die

- 
62. E. HOLSAPPEL, *Herfsttij van een stamverwante vriendschap. Het Nederlandse beleid ten aanzien van Zuid-Afrika 1945-1960* (Doctoraal-scriptie, Universiteit Utrecht, 1994), pp.121-122.
63. G.D. SCHOLTZ, *Dr. Hendrik Frensch Verwoerd 1901-1966*, Eerste band, pp.106-108; O. GEYSER (red.), *Dr. H.F. Verwoerd die republikein. Hoofartikels uit Die Transvaler 1937-1948* (Tafelberg, Kaapstad en Johannesburg, 1972), pp.13-14.
64. “Dr. Verwoerd en de oorlogsjaren”, *Zuid-Afrika*, November 1966.
65. *Die Burger*, 11.9.1961. Kyk ook S.E. VAN DER WATT, *Die opsegging van die Kultuurverdrag Nederland/Suid-Afrika*, pp.47-49.
66. W.G. HENDRICKS, *Die betrekkinge tussen Nederland en Suid-Afrika, 1946-1961*, p.236.

Afrikaners “n onaangename skok”. Volgens Louw was die bande van gemeenskaplike afkoms en taal vir die Nederlandse regering van geen waarde nie. Nederlandse immigrante in Suid-Afrika het ook die optrede van Nederland afgekeur en daarteen ge protesteer.<sup>67</sup>

Verwoerd het in ‘n toespraak op Kimberley gesê hy hoop dat die gevoel van teleurstelling wat deur Nederlandse immigrante in Suid-Afrika uitgespreek is oor die optrede van Nederland by die VN, ook breër weerklank sou vind onder die Nederlandse volk self. Hy het verklaar dat hy ‘n onreg sou doen as hy nie daarop wys dat dit optrede deur die Nederlandse regering en nie noodwendig deur die Nederlandse volk was nie.

Verwoerd het dit duidelik gestel dat die Suid-Afrikaners, veral die Afrikaners, diep geskok was oor die optrede van hul ‘stamverwante Dietse volk’. Nederland se regering het in die verlede al self baie oor menseregte te sê gehad, maar nou het hy om redes van sy eie sy steun aan die kant van die Afro-Asiatiese nasies ingegooi. Nederland sê hy is anti-Kommunisties, maar hy het nie sy stem verhef toe Rusland in die VN so tekere gegaan het nie. Nou slaan hy egter dieselfde Suid-Afrika wat hom gesteun het toe hy byna alleen oor Indonesië gestaan het, aldus Verwoerd.<sup>68</sup>

Mev. Betsie Verwoerd het haar ook uitgelaat oor haar man se Hollandse bande. Sy het mooi herinneringe aan haar Hollandse skoonouers. Sy vertel dat dr. Verwoerd by twee geleenthede Nederland weer besoek het. Hy het in Desember 1925 op ‘n studiereis na Europa vertrek, waar hy onder meer universiteite in Duitsland sou besoek. Hy het in die loop van 1926 sy familie in Nederland gaan opsoek. Mev. Verwoerd (toe nog Schoombee) het in Desember 1926 per boot na Europa vertrek. Vroeg in Januarie het Hendrik haar in Rotterdam ontmoet. Hulle is op 7 Januarie 1927 in Hamburg getroud. Na Verwoerd se dood (1966) het mev. Verwoerd nog sporadies kontak gehad met haar skoonfamilie in Nederland. In die jare sewentig het Verwoerd se neef in Kanada (Henk) ook vir die Verwoerds in Suid-Afrika kom kuier.<sup>69</sup>

Wat die diplomate betref, het die Verwoerds hegte vriendskapsbande gesmee met dr. en mev. Jan van den Berg, ambassadeurspaar van

---

67. *Die Burger*, 12.10.1961 en 14.10.1961.

68. “Nederland het vriend geslaan - Verwoerd”, *Die Burger*, 16.10.1961. Kyk ook S. DE BOER, *Van Sharpeville tot Soweto*, pp.92-94.

69. A. BOSHOFF, *Betsie Verwoerd, die vrou* (Afrikaner-Volkswag, Pretoria, 1993), pp.20-25, 387.

*Terblanche*

Nederland. (Van den Berg het 14 jaar diens in Suid-Afrika gehad, van 1948 af tot 1962). Dié vriendskap is jare ná Verwoerd se dood nog voortgesit. Die Van den Bergs was later soos mede-Afrikaners. Mev. Verwoerd vertel:

Die taal was al dadelik ‘n brug. Hulle het hulle so ingelewe in ons Afrikaner-samelewing dat hulle vir ons baie goeie vriende was. Hulle was goeie vriende van Suid-Afrika ...<sup>70</sup>

In ‘n onderhoud met die Nederlandse joernalis, Bas Goedhart, het mev. Verwoerd haar uitgelaat oor die Nederlandse kritiek teen Suid-Afrika:

Het is ons altijd een raadsel geweest en het doet ons werkelijk verdriet, dat men juist in Nederland zo fel veroordelend staat tegenover ons land. En wij vragen: wat zou Nederland doen als het in ons geval verkeerde?<sup>71</sup>

Mev. Verwoerd het na aanleiding van hierdie onderhoud talle ondersteunende briewe uit Nederland ontvang. Hierdie positiewe reaksie het sy opreg waardeer, veral omdat daar die gevoel was dat in Nederland “daar tog ‘n gesonder verhouding teenoor ons en ‘n beter begrip van ons omstandighede behoort te bestaan.”<sup>72</sup>

Prof. Wilhelm J. Verwoerd, oudste seun van dr. Verwoerd en ook die “argivaris” van die familie, is van mening dat Verwoerd se Hollandse afkoms vir hom nie belangrik was nie. Hy skryf hieroor:

Soos u miskien weet het my vader homself as ‘n gewone Afrikaner beskou en het hy geen besondere begeerte gehad om Nederland te besoek of met Nederlandse familie kontak te maak nie omdat hulle vir hom vreemdelinge was. As klein kind moes hy noodwendig Hollands gepraat het, maar hy het geen sweem van ‘n aksent oorgehou nie. Hy het volgens my herinnering nooit in gesprekke na sy Nederlandse afkoms of na Holland verwys nie, en het beslis geen sentiment teenoor die Hollandse koningshuis gekoester nie. Na sy dood onthou ek dat my moeder se vernaamste kritiek teen dr. Scholtz se biografie die feit was dat dié skrywer in die eerste hoofstuk sy Nederlandse afkoms oorbeklemtoon; haar man sou volgens haar nie daarvan gehou het nie.<sup>73</sup>

---

70. A. BOSHOFF, *Betsie Verwoerd, die vrou*, p.130.

71. *De Telegraaf*, 20.3.1965.

72. A. BOSHOFF, *Betsie Verwoerd, die vrou*, p.124.

73. Brief van W.J. Verwoerd aan H.O. Terblanche, 19.2.1998.

Prof. Verwoerd maak heel tereg die stelling dat Verwoerd dit vir ‘n immigranteun nogal ver gebring het. Vanweë Verwoerd se Nederlandse agtergrond is dit uiteraard heeltemal waar dat geeneen van sy voorouers vir die Afrikanersaak gely of gesterf het nie, en self het hy nooit die wapen opgeneem nie. In die lig hiervan is daar joernaliste wat die bewering gemaak het dat Verwoerd ver verwyder van sy volk was. “Duisende Afrikaners wat hom oor veertig jaar ontmoet het, sal die bewering ontken,” aldus prof. Verwoerd.<sup>74</sup>

Kan dr. Verwoerd se prinsipiële ingesteldheid en beginselvastheid alleen maar aan sy Friese bloed toegeskryf word? In ‘n vars perspektief hierop verwys prof. Verwoerd na ‘n referaat gelewer deur prof. R.W. Wilcocks by die Volkskongres oor die Armblankevraagstuk gehou te Kimberley, 2 tot 5 Oktober 1934. Wilcocks was Verwoerd se mentor in die Departement Sielkunde aan die Universiteit van Stellenbosch. Verwoerd het ook Logika by hom gestudeer.

Prof. Verwoerd laat hom as volg uit oor Wilcocks se invloed:

What I found particularly interesting in reading Wilcocks' paper is his principled approach. He continuously seeks out principles that are clearly formulated and used as a basis for suggesting solutions to certain aspects of the Poor White problem. This corresponds closely with H.F. Verwoerd's modus operandi throughout his political career which earned him a reputation as a dependable, single-minded and principled leader. My conclusion is that this can be traced, at least in part, to his formative years under Wilcocks.<sup>75</sup>

## **Die paginaruil**

Verwoerd se Hollandse afkoms het beslis ‘n uitwerking gehad op Nederlands/Suid-Afrikaanse betrekkinge. Dit het byvoorbeeld ter sprake gekom in die paginaruil tussen *Trouw* en *Die Burger*, 1963-1964. *Trouw*, die Protestants-Christelike dagblad van Amsterdam, het in September 1963 aan die hoofredakteur van *Die Transvaler* voorgestel dat dié twee koerante bladsye uitruil oor die apartheid beleid. Waarom juis *Die Transvaler*? Prof. dr. J. Waterink van die Vrije Universiteit te Amsterdam, wat Verwoerd geken het, het op navraag van *Trouw* gemeld

---

74. W.J. VERWOERD, *Dr. H.F. Verwoerd: vegter vir vryheid*, pp.2-3.

75. Brief van W.J. Verwoerd aan S. Dubow, 19.4.1999.

dat *Die Transvaler* “de felste verdediger was van de apartheidspolitiek.”<sup>76</sup>

Dr. G.D. Scholtz was in daardie stadium hoofredakteur van *Die Transvaler*. Hy het sy doktorsgraad in Geskiedenis in Desember 1936 aan die Gemeentelike Universiteit van Amsterdam behaal. In Oktober 1937 met die verskyning van *Die Transvaler* in Johannesburg as spreekbuis van die Nasionale Party in Transvaal, het

Scholtz saam met Verwoerd by die koerant begin werk. Verwoerd was van 1937 tot 1948 die eerste hoofredakteur van *Die Transvaler*. Scholtz was van 1937 af die buitelandse redakteur van *Die Transvaler* en Verwoerd se regterhand in die hoofredaksie. Scholtz is in 1960 as hoofredakteur aangestel. As Eerste Minister was Verwoerd ook voorsitter van die direksie van Voortrekkerpers, wat die koerant uitgegee het.

By dr. J.A.H.J.S. Bruins Slot, hoofredakteur van *Trouw*, was daar in dié stadium (1963) ‘n behoefte om met Suid-Afrika oor dié land se apartheidbeleid in gesprek te tree. Hy het die toenemende isolasie van Suid-Afrika betreur. Wêreldwyd is daar skerp kritiek teen apartheid. Die Suid-Afrikaanse regering is van oordeel, aldus *Trouw*, dat die kritiek berus op ‘n gebrek aan kennis én dat die kritiek spruit uit kwade trou en haat jeens Suid-Afrika. Bruins Slot wou Suid-Afrikaners tot die besef bring dat daar ook kritici van die apartheidspolitiek is, “die niet van haat, maar van sympathie voor Zuid-Afrika zijn vervuld en die hier met principiële bezwaren zitten.” *Trouw* wou hierdie dinge deur middel van die paginaruil uitpraat.<sup>77</sup> (Elke koerant sou ‘n volle bladsy kry in die ander koerant om sy standpunt oor apartheid te stel en die twee bladsye word gelykydig gepubliseer).

*Die Transvaler* het die aanbod van *Trouw* nie aanvaar nie. Volgens Scholtz sou dit geen sin hê om die saak van Suid-Afrika in Nederland te stel nie,

omdat wat er ook geschreven wordt, het onmiddellijk aangegrepen zal worden om nog meer stemming tegen ons land te wekken ... Alleen wanneer het Nederlandse volk in het algemeen de behoefte openbaart om de waarheid te vernemen en niet bereid is om zich met gruwelverhalen over Zuid-Afrika te

---

76. H.O. TERBLANCHE, *Nederland en die Afrikaner: gesprek oor apartheid. Die paginaruil tussen Trouw en Die Burger, 1963-1964* (Universiteit van Port Elizabeth, Port Elizabeth, 1998), p.42.

77. *Trouw*, hoofartikel, 18.9.1963.

voeden, zal ook het ogenblik aangebroken zijn om over ons land te schrijven.<sup>78</sup>

Daar kan min twyfel wees dat Scholtz in hierdie besluit van hom wel Verwoerd geraadpleeg het. *Die Transvaler* se negatiewe reaksie het dus heel waarskynlik Verwoerd se goedkeuring weggedra. Scholtz se NEE vir dialoog het dus eintlik beteken Verwoerd se NEE. In sy biografie oor Verwoerd het Scholtz geskryf dat daar tussen hulle 'n 'sielsverwantskap' bestaan het. Hy het Verwoerd oor 'n tydperk van byna dertig jaar lank intiem leer ken en tot die besef gekom dat hulle dieselfde lewensbeskouing gehuldig het. Daar was nooit tussen hulle verskil van standpunt oor beginsels of groot lewensvraagstukke nie. Naas die geesverwantskap wat daar tussen hulle bestaan het, het Scholtz ook 'n geweldige heldeverering vir Verwoerd ontwikkel.<sup>79</sup>

Die Afrikaanse koerantredakteur, Dirk Richard, het in sy persverhaal van die Afrikaanse koerante noord van die Vaalrivier, verwys na die feit dat Scholtz reeds twee maande voor die eerste verskynning van *Die Transvaler* onder Verwoerd begin werk het: "Só het die politieke vennootskap van leermeeester en lojale dissipel begin. Vir Scholtz was sy redakteur *Le Grande Monarque* en hy het lewenslank 'n getroue dienaar, ondersteuner en bewonderaar van die haas foutlose 'Baas Henk' gebly. Die denke van Verwoerd was die denke van Scholtz se *Transvaler*."<sup>80</sup> Die Nederlandse ambassadeur in Suid-Afrika, H. A. Helb, het Scholtz beskou as "schildknaap-paladijn" van Verwoerd.<sup>81</sup>

Piet Meiring, wat saam met Scholtz in *Die Transvaler* se redaksie gedien het, meld dat Scholtz in die politiek 'n onbegrensde lojaliteit' teenoor Verwoerd, sy eertydse redakteur en latere voorsitter van die direksie, gehad het:

Daardie lojaliteit het hy selfs aangewend in die hantering van senior redaksielede. As een van hulle iets oorweeg het wat na sy mening Verwoerd se posisie sou affekteer, hoe gering ook al, het hy daarop aangedring dat die betrokke redaktsielid Verwoerd eers moet raadpleeg voor hy 'n finale besluit neem. Die feit dat

---

78. *Trouw*, 22.10.1963.

79. G.D. SCHOLTZ, *Dr. Hendrik Frensch Verwoerd 1901-1966*, Eerste band, voorwoord.

80. D. RICHARD, *Moedswillig die uwe: Perspersoonlikhede in die Noorde* (Perskor, Johannesburg en Kaapstad, 1985), p.92.

81. Brief van mnr. H.A. Helb aan die Nederlandse minister van Buitelandse Sake, 20.12.1963 (Den Haag: Archief Ministerie van Buitelandse Zaken, AMB. Pretoria, Map 1538).

die redaksielid dalk huiwerig sou wees om die Eerste Minister met sy persoonlike probleme lastig te val, het op Scholtz geen indruk gemaak nie: Verwoerd moes ingelig word oor elke ding wat hom kon raak, hoe onregstreeks ook al.<sup>82</sup>

In die lig van hierdie mededeling kan daar dus aanvaar word dat Scholtz beslis Verwoerd sou geraadpleeg het oor *Trouw* se aanbod. Scholtz was uiteraard terdeë bewus van Verwoerd se Hollandse afkoms en daarom sou hy hierdie saak, die begeerte van *Trouw* om met *Die Transvaler* gesprek te voer oor apartheid, ongetwyfeld onder Verwoerd se aandag gebring het. Verwoerd was naamlik op tweërlei wyse hierby betrokke, as voorsitter van die direksie van Voortrekkerpers en as premier. Sy Hollandse afkoms het die saak natuurlik des te meer sensitief gemaak.

Scholtz het die Nederlandse volk bewonder. Niks sou hom meer verheug het as “dat de oude en hartelike verhouding van onze volken hersteld zal worden.” Hy het uitgesien na die dag wanneer “er in Nederland anders geoordeeld zal worden over ons streven ...” Nederland se skerp kritiek op die apartheid beleid moes dus vir Scholtz só ‘n groot ontnugtering gewees het dat hy nie kans gesien het om met hulle ‘n oop gesprek te voer nie. Hy was van mening dat die Nederlanders nie oor die nodige kennis en ervaring beskik het wat die problematiek van rasverhoudinge in Suid-Afrika betref nie. Oor hierdie een saak kon hulle die Afrikaners niks leer nie, aldus Scholtz.<sup>83</sup>

Verwoerd het dieselfde standpunt ingeneem ten opsigte van Nederlandse kritiek teen Suid-Afrika. Hy kon eweneens nie begryp waarom soveel Nederlanders Suid-Afrika só fel gekritiseer het nie. Soos Scholtz, wou Verwoerd ook graag in ‘n goeie verstandhouding met Nederland lewe: “Maar zonder het minste begrip voor de interne problemen van ons land is dat onmogelijk.”<sup>84</sup> Daarby het Verwoerd natuurlik ‘n weersin gehad in enige buitenlandse inmenging in Suid-Afrika se huishoudelike sake.

Nadat *Die Transvaler Trouw* se voorstel tot bladsyeruil afgewys het, is ‘n dergelike voorstel aan *Die Burger* gemaak, wat dit aanvaar het. Die hoofredakteur van *Die Burger*, P.J. Cillié, het in ‘n terugblik op die bladsyeruil gemeld dat daar “geen blyke van afkeuring” was van Verwoerd se kant van *Die Burger* se hantering van die projek nie. Daar

---

82. P. MEIRING, *Die Transvaler 50 jaar* (Voortrekkerpers, Johannesburg en Kaapstad, 1987), p.148.

83. G.D. SCHOLTZ, *Nederlander en Afrikaner* (ong. manuskrip, 1970), pp.90-91, 108-109.

84. M. POS, *Wie was dr. Verwoerd?*, p.147.

was geen nasleep van onaangenaamheid oor *Die Burger* se rol nie: “Die koerant se selfstandigheid van denke was deur die jare goed gevestig en aanvaar deur politici, hoewel soms morrend.” In die lig van *Die Transvaler* se noue verbintenis met Verwoerd, wys Cillié daarop dat *Die Transvaler* se deelnameaan ‘n bladsyruil “vertolk kon word as buikspreking deur dr. Verwoerd, met al die moeilikhede wat daaruit kon spruit.”<sup>85</sup>

### **Die De Gaay Fortman-missie**

Die Nederlandse minister van Buitelandse Sake, J.M.A.H. Luns, het in 1964 opnuut beklemtoon dat daar by die Nederlandse regering én volk ernstige besorgdheid bestaan oor die Suid-Afrikaanse rassebeleid. Die Nederlandse ambassadeur in Suid-Afrika, mnr. H.A. Helb, het vervolgens voorgestel dat ‘n verteenwoordigende, maar nie-amptelike Nederlandse sending Suid-Afrika besoek om Suid-Afrikaners in te lig oor die Nederlanders se besorgdheid oor apartheid.<sup>86</sup>

Die Nederlandse afvaardiging sou uit vyf lede bestaan, wat die vyf grootste Nederlandse politieke partye verteenwoordig het. Die leier van die afvaardiging was prof. W.F. de Gaay Fortman van die Anti-Revolutionaire Partij.<sup>87</sup> Die Nederlandse missie se voorgenome besoek aan Suid-Afrika, wat van die begin af gedoen was, is na vele redekawel in Februarie 1965 afgestel. De Gaay Fortman het as rede aangegee die feit dat die Suid-Afrikaanse regering nie wou instem dat die Nederlanders met die ANC-leier, Albert Luthuli, praat nie.<sup>88</sup>

H. Buis het in sy doctoraalscriptie premier Verwoerd geblameer vir die feit dat die voorgenome besoek afgestel is. Hy het spesifiek melding gemaak van Verwoerd se ‘halsstarrigheid’ en dat Suid-Afrika deur Verwoerd se toedoen “steeds verder in een internationaal isolement terecht kwam.”<sup>89</sup> *Die Transvaler*, wat in ‘n sekere sin as die spreekbuis van Verwoerd beskou kon word, het dit duidelik gestel dat die Afrikaners dit onaanvaarbaar vind “dat manne wat van die saamwoon van verskillende rasse in een land geen praktiese kennis of ervaring het nie,

- 
85. H.O. TERBLANCHE, *Nederland en die Afrikaner: gesprek oor apartheid*, addendum tot voorwoord.
86. *Die Burger*, 30.4.1964 en 19.5.1964.
87. *Haagse Post*, 19.9.1964.
88. *Die Burger*, 12.2.1965.
89. H. BUIS, *Verre Vrienden. Het Nederlands Buitenlands beleid ten aanzien van Zuid-Afrika in de periode 1945-1973, Een Overzicht*, (Doctoraalscriptie, Universiteit van Amsterdam, 1991), pp.60-62,72.

hier aan hulle wil kom verduidelik welke beleid hulle moet volg.” Die missielede se bevooroordeelde kritiek en teregwysings sou vir die Afrikaners pynlik wees.<sup>90</sup> In hierdie hoofartikel van Scholtz het die stem van Verwoerd duidelik weerklink.

Verwoerd se Hollandse afkoms het regstreekse impak gehad op die De Gaay Fortman-missie. Piet Cillié, redakteur van *Die Burger*, het tydens sy maandlange besoek aan Nederland in 1964 gesprekke gevoer met al die aangewese lede van die missie. Die gedenkwaardigste was met die selfversekerde Marga Klompé, oud-kabinetsminister en iemand wat nog die mening toegedaan was dat die Nederlanders sedemeesters vir die wêreld kon speel. Sy het Cillié behoorlik toegespreek.

In die begin van hul grootliks eensydige gesprek het sy ‘n knipsel te voorskyn gehaal van ‘n toespraak wat Verwoerd op 16 September 1964 gehou het en waarin hy ‘n waarskuwing tot die mense van Nederland en Japan gerig het dat Suid-Afrika nie sou toelaat dat hulle hul weens hul besondere betrekkinge met die Republiek met die land se huishoudelike sake inmeng nie:

Onlangs is berig dat mense in Nederland en Japan gesê het hulle sal probeer om Suid-Afrika se beleid te verander. Suid-Afrika sal egter nie toelaat dat die verwantskap met Nederland of die goeie ekonomiese en ander betrekkinge wat ons met Japan onderhou, aanleiding gee tot inmenging in ons sake nie.<sup>91</sup>

Hierop was Cillié se reaksie:

Om die Japannese en die Nederlanders feitlik in een asem so saam te koppel, ná wat Japan in die Tweede Wêreldoorlog die Nederlandse ryk in die Ooste aangedoen het, was een van die ongelooflike *faux pas* wat ‘n wederkerende kenmerk was van ons buitelandse verhoudinge in daardie jare. Komende van ‘n Nederlands-gebore eerste minister het die impak nog vererger.<sup>92</sup>

Klompé het die berig aan Cillié voorgelees en toe aan hom gesê dat as Verwoerd tydens hul verblyf in die land so iets sou sê, hulle dan direk sou oppak en terugkeer Nederland toe.

In ‘n later gesprek met senior amptenare van die Ministerie van Buitenlandse Zaken in Den Haag het Cillié hulle aangeraai om die missie-plan tot elke prys te saboteer as hulle draaglike betrekkinge met

---

90. *Die Transvaler*, hoofartikel, 13.2.1965.

91. *Die Burger*, 17.9.1964.

92. Brief van P.J. Cillié aan H.O. Terblanche, 25.5.1994.

Suid-Afrika in stand wou hou. Hulle het gevra waarom? Cillié se antwoord was: “Ek het gesê hulle ken hulle Marga, en ek het nou ook met haar kennis gemaak. Maar hulle ken nie vir dr. Verwoerd nie. Ek ken albei. ‘n Ontmoeting tussen dié twee is ‘n resep vir ‘n ontploffing van atomiese geweld. Hulle wou weer weet waarom? Ek het gesê: ‘Omdat hul temperamente so eenders is!’”<sup>93</sup>

In een van Cillié se bedankingsbriewe ná sy Nederlandse besoek het hy ook geskryf dat ‘n konfrontasie tussen Verwoerd en Klompé wel sou kon uitloop op “‘n psigologiese atoomontploffing!”<sup>94</sup> In die lig van hierdie mededeling is daar groot begrip vir Cillié se versugting dat daar van die missie genadiglik niks gekom het nie.

Cillié het ná sy Nederlandse besoek sy indrukke oorgedra aan die Nederlandse konsul-generaal in Kaapstad, mnr. D. van Eysinga. Laasgenoemde het in ‘n verslag oor dié gesprek gemeld dat Cillié daarop gewys het dat ‘n mens nog altyd rekening moes hou met die feit dat Verwoerd in Nederland gebore is

en dat daarom een Nederlandse missie voor de Zuidafrikaanse Minister-President, die op dit punt uiterst gevoelig schijnt te zijn, moeilijker te hanteren was dan een missie van welk ander land ook.<sup>95</sup>

Ambassadeur Helb was ook van mening dat die verhouding tussen Nederland en Suid-Afrika nog sterk beïnvloed word deur emosionele oorwegings:

Zuid-Afrika is meer dan overgevoelig voor critiek vanuit Nederland selfs al is deze zakelijk bedoeld. Juist omdat deze critiek uit het stamverwante Nederland komt, voelt de gemiddelde Zuid-Afrikaner zich ten sterkste gegriefd en dit brengt dan bijna automatisch een vijandige reactie teweeg.

Helb het met Cillié saamgestem dat die feit dat Verwoerd in Nederland gebore is die saak sou kompliseer. Want Verwoerd is by wyse van spreke

de laatste persoon om concessies te maken ten aanzien van verzoeken uit Nederland, nog afgezien van het feit dat

---

93. Brief van P.J. Cillié aan H.O. Terblanche, 25.5.1994.

94. Brief van P.J. Cillié aan H.O. Terblanche, 25.5.1994.

95. Posttelegram van Consul-Generaal, Kaapstad, aan Nederlandse Ambassadeur, Pretoria, 5.11.1964 (Den Haag: Archief Ministerie van Buitenlandse Zaken, AMB. Pretoria, Map 1534).

concessies in die conceptie van deze ‘hoofdige Boer’ al moeilijk passen.<sup>96</sup>

### “De ton van Luns”

Die Nederlandse minister van Buitelandse Sake, Luns, het op 10 Junie 1965 aangekondig dat die Nederlandse regering besluit het om 100 000 gulden (destyds R20 000) te skenk aan die Defence and Aid Fund (DAF) in Londen om “slagoffers van apartheid” te help. Hierdie optrede het, soos deur G.J. Schutte en Stefan de Boer aangetoon, geleid tot “een voorlopig dieptepunt” in Nederlands/Suid-Afrikaanse betrekkinge.<sup>97</sup> “De ton van Luns” het heftige reaksies in Suid-Afrika uitgelok. Selfs die politieke teenstanders van Verwoerd het skerp gereageer en die Nederlandse regering veroordeel oor hulle oningeligheid en inmenging in Suid-Afrika se binnelandse sake.<sup>98</sup>

Verwoerd het hom twee keer in die openbaar uitgelaat oor die ton van Luns. Hy het op 17 Junie 1965 in die Volksraad sy reg verdedig om sterk beswaar aan te teken “teen ‘n daad wat ‘n mens van ‘n stamland en ‘n bevriende land nie hoef te verwag nie ...” Hy het die optrede van die Skandinawiese lande oor ‘n ander kam geskeer, want “hulle staan in elk geval verder van ons weg.” Verwoerd het dit beklemtoon dat die Nederlandse regering wel deeglik ingelig is oor Suid-Afrika se probleemsituasie in verband met saboteurs en die liggamo wat sulke saboteurs help. Die Nederlandse regering kon dus nie onkundig gewees het ten opsigte van die situasie in Suid-Afrika nie. Dit is bekend dat Suid-Afrika self sorg vir die gesinne van aangehouenes of van gevangenes wat nie vir hulself kan sorg nie. Ruim regstreeksvoortuiging is ook beskikbaar. Nederland se inmenging in Suid-Afrika se huishoudelike sake was dus ongevraagd.

Verwoerd het die Nederlandse regering ook verkwalik dat hy hom nie op hoogte gebring het van die oogmerke en doelstellings van die DAF nie. Die omstrede voorsitter van die Internasionale DAF, kanunnik John

- 
96. Brief van H.A. Helb aan Nederlandse minister van Buitenlandse Zaken, 11.11.1964 (Den Haag: Archief Ministerie van Buitenlandse Zaken, AMB. Pretoria, Map 1534).
97. G.J. SCHUTTE, *De roeping ten aanzien van het oude broedervolk. Nederland en Zuid-Afrika, 1960-1990* (Suid-Afrikaanse Instituut, Amsterdam, 1993), pp.25-32; S. DE BOER, *Van Sharpeville tot Soweto*, pp.134-154. Kyk ook C. EDELENBOS e.a., *In goed vertrouwen. Defence and Aid Fund Nederland 1965-1991* (Jan Mets/Defence and Aid Fund Nederland, Amsterdam/Utrecht, 1991).
98. O. TERBLANCHE, “Dr. H.F. Verwoerd en de ton van Luns”, *Zuid-Afrika*, Maart 1998. Die Nederlanders praat van 100 000 gulden as ‘n “ton”.

Collins, het in ‘n toespraak voor die VN se spesiale komitee oor apartheid gewys op die belangrike rol wat die DAF kan speel om politieke veranderinge in Suid-Afrika te weeg te bring: “He believed the fund was fostering the morale of the internal resistance ... (the resistance movement inside South Africa).”<sup>99</sup> Verwoerd het daarop gesinspeel dat dit ondenkbaar is dat die Nederlandse regering nie op die hoogte kon wees van Collins se toespraak nie.

Verwoerd het met blydskap kennis geneem van die verontwaardiging wat daar was oor die optrede van die Nederlandse regering. Hy het in dié verband verwys na die reaksies van Nederlanders in Suid-Afrika, en van Nederlanders in hul eie land. Verwoerd het gevolglik die hoop uitgespreek dat Nederland vanweë dié teenkanting nie met sy voorneme sou voortgaan nie: “So iets sou die fondament lê vir die herstel van betrekkinge en verhoudinge tussen dié regerings wat ‘n mens so graag wil hê.”

Uit Verwoerd se toespraak is dit baie duidelik dat hy goeie verhoudinge met Nederland begeer het: “Die Suid-Afrikaanse volk is verstandig genoeg om nie aan die deur van al die lede van ‘n ander volk te lê dít wat gedoen is deur sy regering nie. Daarom hoop ek dat ‘n gevoel in Suid-Afrika teenoor hierdie kultuurvolk aan wie ons verbonde is of die Nederlandse immigrante, nie opgewek sal word nie.” Hy het dit egter benadruk dat Suid-Afrika “in die mees uitdruklike terme ons misnoëë uitspreek oor wat deur die Nederlandse regering gedoen is.”

Verwoerd het die Nederlandse optrede ook beoordeel in die lig van die internasionale politiek. Van die Westerse state probeer byvoorbeeld om die goedgesindheid van die Afro-Asiatiese lande te verkry. Eiebelang speel uiteraard hier ‘n rol. In só ‘n geval is die lande se optrede nie noodwendig teen Suid-Afrika gemik nie, as wat dit is om die steun of die simpatie van die Afro-Asiatiese lande te verkry:

Jy het te doen met rookskerms wat gewerp word oor handelinge wat uitgevoer word ter wille van heeltemal ander doeleindes as vyandskap teen Suid-Afrika.<sup>100</sup>

Op 25 Junie 1965 het Verwoerd in ‘n toespraak op De Aar weer na die ton van Luns verwys. Verwoerd het benadruk dat Nederland se verskoning dat sy skenking van R20 000 aan die DAF om humanitaire redes gedoen is, nie opgaan nie. Dit was ‘n latere verskoning van

---

99. *Debatte van die Volksraad*, 17 Junie 1965, kol. 8785-8786.

100. *Debatte van die Volksraad*, 17 Junie 1965, kol. 8805-8808.

Nederland. Sy eerste stelling was dat hy die geld skenk om sy teenstand teen apartheid te bewys. Verwoerd het gesê dat Suid-Afrika as beskaafde land elke beskuldigde die kans en reg op verdediging gee. Hy sorg ook vir hul gesinne: “Nederland is inderdaad goed ingelig, en buitendien is dit elke land se plig om homself op die hoogte te bring voordat hy sy neus in ‘n ander land se sake steek.”

Verwoerd het vervolgens die vraag gestel:

Waarom is die Westerse volke wat van ons vlees en bloed is so teen ons?” Hulle koester naamlik die hoop om Afrika aan hul kant te kry: “Dit meen hulle is bereid om toe te gee aan die eise van daardie state. Daarom het hulle in hul gedagtes reeds tot die punt gekom dat hulle bereid is om die blanke hier as slagoffer te bring en hom as koopprys te betaal, iets wat hopelik nooit in dade sal gebeur nie.<sup>101</sup>

Die Nederlandse immigrante en oud-Nederlanders in Suid-Afrika het verontwaardig gereageer op die besluit van die Nederlandse regering. ‘n Groot demonstrasie is onder meer by die Nederlandse ambassade in Pretoria op 19 Junie 1965 gehou. Tydens hierdie protesoptog is ‘n versoekskrif ook aan ambassadeur Helb oorhandig. Verwoerd het in ‘n brief aan die ‘proteskomitee’ sy waardering uitgespreek dat so baie Nederlandse immigrante so sterk voel oor die inmenging van Nederland in Suid-Afrika se huishoudelike sake.<sup>102</sup>

*Die Burger* het in ‘n hoofartikel daarop gewys dat die geskiedenis van Nederlands/Suid-Afrikaanse verhoudinge die afgelope kwarteeu nie baie gelukkig was nie:

Vanweë gebrek aan kennis is standpunte en optredes wedersyds misverstaan, is verskille oorbeklemtoon en gemeenskaplike insigte onderbeklemtoon, met die resultaat dat verhoudinge van tyd tot tyd ernstig vertroebel was.<sup>103</sup>

Die verhoudinge is huis ernstig vertroebel deur die ton van Luns. Op 18 Junie 1965 skryf *Die Burger* in ‘n hoofartikel hieroor: “Die blote feit dat ons oor die Nederlandse optrede skryf en nie oor soortgelyke stappe van ander regerings nie (byvoorbeeld Indië, Swede, Denemarke en Noorweë),

---

101. *Die Burger*, 26.6.1965. Kyk ook ERIC H. LOUW, “Nederland se vyandigheid teen Suid-Afrika”, *Die Oosterlig*, 24.6.1965.

102. *Die Burger*, 19.6.1965 en 21.6.1965; *South African Digest*, 25.6.1965; *Trouw*, 21.6.1965.

103. *Die Burger*, hoofartikel, 15.6.1965.

verraai die gevoel in Suid-Afrika dat ons van Nederland iets anders en iets beters verwag as van ander lande.”

Dit was ook die standpunt van Verwoerd. Verwoerd het, soos ook blyk uit sy lang en indringende onderhou met Mary Pos, goeie verhoudinge met Nederland begeer. Die optrede van die Nederlandse regering sou egter daar voor ‘n stokkie steek. Die groot struikelblok wat in die weg gestaan het van die kweek van groter wedersydse begrip tussen dié twee stamlande, was egter apartheid. Die maandblad *Zuid-Afrika* het dit kort en bondig opgesom: “‘Apartheid’ heeft een slechte naam in Nederland.”<sup>104</sup> Die feit dat Verwoerd, wat die verpersoonliking van apartheid was, van Hollandse afkoms was, het die saak uiteraard vererger en die verhoudinge meer delikaat gemaak.

### **Samevattung**

Dit is moeilik om in die huidige tydsgewrig ‘n gebalanseerde, genuanseerde oordeel oor Verwoerd te vel. Verwoerd se naam sal altyd onlosmaaklik gekoppel bly aan die apartheid beleid. En apartheid weer is vir die meeste mense sinoniem met rassisme, rassemeeerdewaardigheid, rassediskriminasie en onderdrukking. Die *Mail & Guardian* het in ‘n hoofartikel verklaar: “Die veldtog teen rassisme was na ons mening die groot saak van die 20ste eeu.”<sup>105</sup> Juis as gevolg hiervan is ‘n objektiewe waardebepaling van Verwoerd so moeilik.

In ‘n boek wat op die vooraand van die nuwe millennium verskyn het, beklee Hendrik Verwoerd die derde plek op die ranglys van die 100 invloedrykste Suid-Afrikaners van die twintigste eeu. Die bydrae oor hom - ‘n swak en bevoorioordeelde stuk werk - is geskryf deur Hans Pienaar. Pienaar verwys onder meer na Verwoerd as “Suid-Afrika se Politieke Goëlaar van die eeu.” Hy verwys ook sydelings na Verwoerd se Hollandse afkoms:

Waarnemers beskou dit as betekenisvol dat Verwoerd wat in 1901 in Nederland gebore is, die seun was van immigrante wat in 1903 na Suid-Afrika gekom het, en sy lewe lank probeer bewys het dat hy ‘n ‘ware Afrikaner’ was.<sup>106</sup>

---

104. “Rumor in casa”, *Zuid-Afrika*, 1965, pp.94-96.

105. Oorgeneem deur *Die Burger*, 1.12.1999.

106. *Hulle het ons eeu gevorm. Die invloedrykste Suid-Afrikaners van die twintigste eeu* (Human & Rousseau, Kaapstad, Pretoria ens., 1999), pp.22-26. Kyk ook Otto Terblanche se lesersbrief, *Die Burger*, 6.1.2000.

Hogarth van die *Sunday Times* het voor die eeuwending bekendgemaak dat die lesers Verwoerd aangewys het as die ‘Mampara of the Century’. Na Verwoerd word verwys as “our posthumous pariah”. Verwoerd word verwyt dat hy “destroyed the fabric of an entire country for decades ... Not content to be the chief guru of grand apartheid, Verwoerd perfected petty apartheid ...”<sup>107</sup> Dieselfde blad wat hierdie verwytte na Verwoerd slinger, het ná sy dood na hom verwys as “one of the most remarkable men South Africa has ever known” en as “a giant among his fellows.” Die *Sunday Times* het Verwoerd toe geloof vir “his flair for statecraft” en “the brilliant evolution of his policies.” Die blad het na sy ontydige dood verwys as “the immeasurable, incalculable loss for South Africa ... a national disaster.”<sup>108</sup>

Die *Financial Mail* het op 17 Desember 1999 ‘n spesiale uitgawe oor die twintigste eeu uitgegee. Donald Woods het hierin weer eens die volgende betekenis aan Verwoerd se Hollandse afkoms toegedig: “H.F. Verwoerd was one of several foreigners in history who became dangerous super-patriots in their countries of adoption. Hitler, an Austrian, became a super-German. Stalin, a Georgian, became a super-Russian. Napoleon, a Corsican, became a super-Frenchman ... and Verwoerd, a Hollander, became a super-Afrikaner. All had a touch of genius. All had physical courage. All had fanatical dedication to a political idea and all probably suffered from varying degrees of mental disturbance as they overcompensated for their foreignness through chauvinistic excess”.

Was dr. Verwoerd se Hollandse afkoms sy Achillesiel? Prof. Wilhelm Verwoerd het hom as volg hieroor uitgespreek:

Die betekenis van hierdie spreekwoord dui daarop dat dit die swak plek in sy mondering was wat tot sy ondergang kon lei. P.J. Cillié wys daarop dat die pogings van sy teenstanders om dit uit te buit sonder enige welslae was. Dit is egter opvallend dat talle skrywers volgehou het om dieselfde argument na sy dood te gebruik, meestal om hom te diskrediteer, en selfs om hom in dieselfde kategorie as Hitler en Stalin te plaas. Die blote feit dat hy in die vreemde gebore is, sou dan veroorsaak het dat hy moes spook en spartel om ‘n leier onder Afrikaners te word. Geen getuienis is nog na vore gebring om dit te staaf nie. Dit bly dus ‘n opinie wat deur herhaling feitlik die status van ‘n mite rondom sy nagedagtenis verwerf het. Dr. Verwoerd was

---

107. *Sunday Times*, 19.12.1999.

108. *Sunday Times*, hoofartikel, 11.9.1966.

intelligent genoeg om te besef dat sy Hollandse geboorte gebruik kon word om sy Afrikanerskap te bevraagteken. Daarom het hy daarvan weggeskram, maar hy het ook self gesê dat dit nie iets is om weg te steek nie. ‘n Tweede betekenis wat aan die storie van die Achilleshiel geheg kan word, is dat sy Hollandse koppigheid sy ondergang kon beteken het. Aangesien hy op die kruin van sy loopbaan gesterf het, sal ons nooit weet of dit die geval sou wees nie. Daar kan net een gevolgtrekking gemaak word, naamlik dat Bart de Graaff se stelling in die titel van die referaat hoogs oordrewe is.<sup>109</sup>

Uit die beskikbare gegewens is dit duidelik dat Verwoerd se Hollandse afkoms wel tot ‘n sekere mate sy Achilleshiel was. Voordat hy in 1958 Eerste Minister geword het, was hy beslis gevoelig daaroor. Hy was sensitief oor sy Hollandse geboorte en wou dit nie aan die groot klok hang nie. As intelligente politikus was hy natuurlik bewus daarvan dat dit teen hom gebruik kon word om politieke munt uit te slaan (soos Opposisie-woordvoerders wel probeer doen het) of om hom agter sy rug verdag te maak. Vir Verwoerd was sy afkoms, wat die politiek van die dag betref, egter nie van soveel belang nie. Want vir alle praktiese doeleindes was hy ‘n Afrikaner in murg en been, al was hy geen gebore Afrikaner nie. Tog het van sy karaktereienskappe sy Hollandse afkoms gereflekteer. In dié opsig kon hy hom dus nie heeltemal losmaak van sy afstamming nie.

As premier moes die optrede van die Nederlandse regering en die felle teenkanting teen Suid-Afrika in Nederland Verwoerd uitermate gegrief het. Hy het kennelik méér begrip en simpatie vir Suid-Afrika in Nederland verwag. Verwoerd was wel deeglik bewus van die noue historiese bande tussen dié twee stamlande. Hy sou dit egter nie duld dat Nederland vanweë die verwantskapsgevoelens voorskriftelik teenoor Suid-Afrika optree nie. Tog was sy hoop steeds gevestig op die daarstelling van goeie betrekkinge. Insiggewend in dié verband is die feit dat Verwoerd konsekwent ‘n onderskeid getref het tussen die optrede van die Nederlandse regering en dié van die volk.

Belangrik om daarop te wys dat ook ander faktore ‘n vormende invloed op Verwoerd uitgeoefen het. Drie faktore uit sy kinder- en jeugjare is hier van belang.

- Hy het die grootste deel van sy skoolopleiding deur medium van Engels ontvang, naamlik aan die *Wynberg High School for Boys* in

---

109. Brief van W.J. Verwoerd aan H.O. Terblanche, 10.2.2000.

*Historia* 46(1), Mei 2001, pp. 213-46.

### *Terblanche*

die Kaap (1913) en die *Milton High School* in Bulawayo, Rhodesië (1914-1916). Dié skole was deurdrenk van ‘n gees van Britse imperialisme. Dié denasionaliserende invloede moes beslis by hom as ontluikende jong Afrikaner ‘n gees van rebelsheid ingeskryf het.

- As student aan die Universiteit van Stellenbosch (sedert 1919) het die jong Hendrik Verwoerd Sielkunde en Logika by prof. R.W. Wilcocks gestudeer. Wilcocks was nie alleen sy dosent en latere kollega nie, maar hy was in ‘n sekere sin ook Verwoerd se mentor. Verwoerd se prinsipiële ingesteldheid en logiese denkvermoë kan moontlik deels aan Wilcocks se invloed toegeskryf word.
- Verwoerd het as jong student in 1920 van die arm buurtes van Kaapstad besoek, onder meer Woodstock en Soutrivier. Die blanke armoede wat hy daar aangetref het, én die vermenging tussen blank en gekleurd, het ‘n diep indruk op hom gemaak. Vir hom en die ander studente was dit ‘n pynlike ontnugtering. Hierdie ervaring wat hom bygebly het, sou rigting gee aan sy toekomstige loopbaan en stewe.

Verwoerd se karakter het baie fasette gehad. Die “Hollandse” faset was maar een daarvan. Verwoerd sal altyd ‘n omstrede figuur bly. Daar is net oor een ding eenstemmigheid: die laaste woord is kennelik nog nie gespreek oor Hendrik Frensch Verwoerd, wat in 2001 ‘n honderd jaar gelede in Amsterdam gebore is nie.

### **Abstract**

#### **Dr. H.F. Verwoerd’s Dutch descent: his Achilles heel?**

In the study attention is given to the Dutch roots of Dr. H.F. Verwoerd. There is an attempt at giving a perception of the contemporary reception of the former premier of South Africa in the public sphere. Attention is also given to the effect his Dutch roots might have had on the political leader of the twentieth century who was directly responsible for the implementation of the apartheid policy.